

Herinneringe uit die Vryheidstryd (10)

GENL. HERTZOG SE LAASTE WOORDE

Wou Nog Met
Sy Volk Praat
Vir Oulaas

Genl. Hertzog was 'n staatsman, ongetwyfeld die grootste wat die volk hierdie eeu opgelewer het. Dat hy binne die maalstroom van die party-politiek moes staan, was bepaald nie sy keuse nie. Maar onder die Britse parlementêre stelsel soos in S.A. was daar ook vir 'n staatsman geen ander staanplek nie. Hy moes afklim tot in die modderpoel van die partypolitiek en bevuil word deur wie hom met hul modderhande aanpak! Namate ons verder van die gebeurtenisse deur die tyd gevoer word, kry ons 'n beter perspektief daarvan en sien ons die S.A. Staatsman Hertzog steeds groter verrys en word die invloed van sy woorde en gedraglyne steeds sterker. Die volk sal al meer nog die weg wat hy aangewys het duideliker sien en beter verstaan. Vandag, tot ons berou, begin ons eers o.a. begryp wat die staatsman Hertzog nagestrewte het met die destyds so erg verfoeide samesmelting waarteen van ons beste Afrikaners so hard, en soms so lelik geveg het.

Nooit het ek so onder die indruk van die man se grootheid, sy skoon en edel inbors, sy vérsiende blik en sy onwrikbare geloof in sy volk gekom as in 1942 toe ek vir die eerstemaal na sy uitdruwing uit die Nasionale Party hom besoek het. Alleen, verban as't ware uit die politiek en diens van sy volk, het ek hom in sy studeerkamer op sy plaas aan die Wilgerivier in die distrik Middelburg, Transvaal aangetref, oënskynlik in kalm en stil gemoed, seer seker met 'n rustige skoon gewete wat alleen diegene het wat hul plig gedoen het. As hy iets te betreur gehad het dan was dit seker net dit dat sy volk se oë en hart nog gesluit was vir wat hy vir hulle goed en nodig beskou het. Ek het diep onder die indruk van sy waarskynlike gemoedstoestand gekom, hoewel hy niks laat blyk het van wat in sy groot Afrikanerhart moes omgegaan het onder die besef van sy politieke ballingskap nie. Gryse hare en diepe rimpels was uiterlike spore van kommer en seker ook verdriet wat hy as mens met sy vurige volksliefde moes gevoel het.

Soos altyd was hy bly en baie hartlik, miskien onder omstandighede blyer as voorheen om vriende aan sy anders eensame woning te verwelkom. Want hy het vertel wie almal hom in die pasafgelope tyd kom besoek het en hoe aangenaam dit was om hulle weer te sien. By die hekkie is ons tegemoet gekom en binne genooi. Op die stoep het sy beminde eggenote, toe reeds ernstig in haar gesondheid geknak gesit.

BELANGSTELLING

Hoe hy in die gees nog steeds saam met sy volk geleef het het uit sy belangstelling dienaangaande geblyk. Hy was volkome op hoogte van alle sake en aangeleenthede op elke gebied. Hy het groot belangstelling gehad ook in die buitelandse aangeleenthede veral sover dit S.A. raak of kan raak.

Hy het geglo dat die volk hom moet voorberei nie alleen vir 'n algehele herskommeling en reoriëntering op die partypolitieke gebied nie, maar ook 'n heraanpassing by nuwe en moeiliker toestande wat uit die

wêreldoorlog gaan voortvloei. Hy het verwys na gewenste hervormings aangepas by die moderne vereistes van die politieke, maatskaplike en ekonomiese bestaanslewe van die volk.

VOLKSEENHEID

Hy het geglo aan 'n naderende eenwording van sy verdeelde volk en was oortuig dat ten spyte van die verbete onderlinge twis, toe so kwaai en wreed, eenheid sal kom waarin almal (en hy het name genoem: Malan, Havenga, Prow, ons), 'n aangewese plek vanself sal vind.

Deur
J. A. Smith

Hy het hom 'n breëre volksfront van nasionaalvoelendes voorgestel. Aan die voortbestaan van die Britse Ryk en Statebond met S.A. daarin het hy nie geglo nie, net so min as die bestendiging van die lawaierige grootdoenigheid van Amerika. Die reaksie op imperialisme by klein nasies is nasionalisme. En nasionalisme as teenvoeter van imperialisme moet vir sy eie bestaan ook van volkversorgende aard wees. „Jou staat moet beide nasionaal en sosiaal van aard wees,” het hy verduidelik. Suid-Afrika kan in werklikheid geen van beide wees onder enige partystelsel, nóg onder die eenparty — nóg onder die meer-voudige partystelsel nie.

ONTHULLINGS

Onder die bespreking van die moeilikhede en getwis in ons volksgeledere, blyk dit dat hy tog om steun deur mense uit twistende groepe genader was. En dit was duidelik dat hy vir steun vir geen enkel groep teen die ander te vind sou wees nie. En laat ek dit terwille van die geskiedenis sê dat genl. Hertzog nooit ter eniger tyd van die kant van ons as leiers van die Ossewabrandwag genader is om hom aan ons kant te skaar nie. Daarvoor het sowel dr. Van Rensburg as ek te veel respek en piëteitsgevoel vir hierdie groot volksman gehad. Nie ons

POLITICI Vlieg VER BO LEWENSKOSTE UIT

Die salarisse van ministers, parlamentslede, senatore, die leier van die opposisie, die speaker en die president van die senaat sal voor die einde van hierdie sitting

met veertig persent verhoog word. Dit sal die derde verhoging binne ses jaar wees wat die politici hulleself toeken, en wel tot so 'n mate dat parlamentslede se toelae

in die ses jaar presies verdubbel het.

Daar is seker geen ander werker wat sy besoldiging uit die staatskiss ontvang wat 'n lewenskostetoelaag van 100 persent ontvang nie, soos nou in die geval van die politici gedoen word.

Die voorregte wat die parlementariërs hulself gaan toeken, is egter nie net tot 'n salarisverhoging beperk nie. Afgesien van gunstige pensioenregte wat hulle hulself ook gaan skenk, is dit die voorneme om sewentig persent van hul verhoogde salarisse vry te stel van inkomstebelasting. Hierdie voorregte maak die Suid-Afrikaanse politikus vandag een van die besbesoldigde parlementariërs in die wêreld.

Die salarisse van volksraadslede en senatore sal van £1,000 per jaar verhoog word na £1,400 per jaar. In die begin van 1945 het 'n parlamentslid nog maar £700 ontvang, sodat sy salaris binne ses jaar presies verdubbel het. As verksoning daarvoor word die hoë lewenskoste aangevoer. Maar verlede jaar het die parlement besluit om 70 persent van 'n parlamentslid se inkomste vry te stel van inkomstebelasting as 'n spesiale maatree teen die verhoogde lewenskoste, net soos die £150 verhoging in sowel 1945 as 1946 ook gedoen is met die oog op die lewenskostedruk. Die vryskelding van belasting het 'n besparing van £54 vir 'n gewone parlamentslid wat geen ander inkomste het nie, meegebring. Altesame dus het hy sedert 1945 reeds 'n lewenskostetoelaag van £354 ontvang — vergeleke met die lewenskostetoelaag van £208 van 'n getroude staatsamptenaar en £83 van 'n werknemer buite die staatsdiens.

DRIE MAAL HOER

Nou word die salaris met 'n verdere £400 per jaar verhoog, wat die lewenskostevorsiening vir 'n parlamentslid dus op £700 plus die belastingkorting van ongeveer £80 te staan bring. Dit wil sê £780 vergeleke met die senior staatsamptenaar wat kragtens die onlangse verhogings nou 'n lewenskostetoelaag van £256 ontvang.

Parlamentslede het hulself dus meer as drie maal so gunstig vergoed vir die lewenskoste as wat enige ander persoon ontvang.

OPPOSISIELEIER

Laat ons nou sien wat gebeur met Sy Majesteit se Opposisieleier. Hierdie Britse remskoen in ons regeringstelsel het in 1946 nog maar £700 per jaar ontvang. Volgens die nuwe maatree sal hy £2,800 ontvang — 'n vierdubbele verhoging binne vyf jaar. Van hierdie reuse-salaris word £1,120 vrygestel van belasting — 'n verdere vergoeding van ongeveer £300 per jaar. Hierdie ingevoerde parlementêre amp wat die land meer kwaad doen as enige ander plaag in die land, sal dus sy draer 'n lewenskostevergoeding van ongeveer £2,400 besorg vergeleke met die £256 wat die sekretaris van 'n departement ontvang — iemand wat vir die staat werk in plaas van hom te pootjie.

(Vervolg op bls. 6 kol. 1)

hom gestuur was met 'n beeerde ooreenkoms tussen agt verteenwoordigers van die N.G. Kerk en die leier van die Nasionale Party op Bloemfontein, 23 September 1941, om 'n nasionale komitee te stig mits genl. Hertzog tot dit toetree. Genl. Hertzog het die sending van die predikant en die doel verontwaardigd afgekeur.

Met hierdie besluit voor my, kon ek verstaan wat so onbegryplik was, nl. die storie wat in die Vrystaat omstreeks daardie tyd rondgegaan het as sou „die Ossewabrandwag na bewind strewen en die „Dopperkerk” tot staatskerk sou wil verhef!” Of hierdie valse storie was as rookskerm vir daardie beweerde plan van die agt Vrystaatse predikante en die N.P.-leier bedoel, of het daardie beweerde voorstel van hulle aan genl. Hertzog mededingend geïnspireer!

SY BEDOELINGS

Genl. Hertzog se koers soos hy dit duideliker die laaste jare omskryf het, verklaar nou eers (Vervolg op bls. 6 kol. 1)

Volksverdeeldheid Styg In Prys

In 'n studenteblyd is eenmaal die volgende parodie op 'n student wat maar nie te vlytig wou vorder nie, gemaak. „Ek wil lewe voor ek sterwe, ek wil uitrus voor ek arbe.” Die buitengewone gunste waarmee die leier van die opposisie in Suid-Afrika deur die parlement in die jongste tyd oorlaai word, herinner aan hierdie parodie. Sover dit die staat betref, is hy 'n man wat net so min arbe as die lilies van die veld, maar waarlik sy besoldiging en voorregte oortref dié van enige uitvoerende amptenaar in diens van die staat.

Daar bestaan geen sodanige amp in ons staatsmasjien as „leier van die opposisie” nie. In belang van die staat verrig die opposisieleier nie 'n enkele steek werk nie, wel in belang van sy party — 'n organisasie wat geen wetlike erkenning in ons land geniet nie, soos blyk uit die reëling van die speaker nog weer 'n paar weke gelede: „Mag ek daarop wys dat die speaker geen partye ken nie. Hy ken alleen lede van die raad . . .”

Inderdaad is die leier van die opposisie tot 1946 dan ook maar net beskou as 'n gewone lid wat vergoeding betref. Maar in daardie jaar het genl. Smuts om een of ander rede daartoe oorgegaan om 'n spesiale salaris van £2,000 voor te stel vir die opposisieleier, en tans is die regering voornemens om daardie salaris te verhoog na £2,800 plus gedeeltelike vrystelling van inkomstebelasting. Met laasgenoemde voorreg bygevoeg, ontvang die leier van die opposisie — 'n man wat hoegenaamd geen werk vir die staat doen nie, nou £600 meer as wat 'n minister vyf jaar gelede ontvang het. Aangesien hy maar eers eendag staatswerk sal verrig wanneer en indien hy eer-

ste minister word, is sy huidige salaris in werklikheid 'n vooruitbetaalde pensioen.

„Ek wil pensioen trek voor ek arbe!”

Die partystelsel in ons land het tot sover nog maar onoffisiële erkenning geniet ooreenkomstig die Britse gebruik. Deur die wetlike erkenning van die leier van die opposisie as 'n staatsamp waarvoor die belastingbetaler 'n gedeeltelike belastingvrye salaris moet betaal wat op £400 na dieselfde is as wat die eerste minister nog tot onlangs ontvang het, word die partystelsel nou wetlik erken — regstreeks in stryd met die republikeinse stelsel in Transvaal, waar partyvorming deur die wet verbied was.

Hierdie buitengewone hoë salaris wat die regering nou uit die belastingbetaler se sak betaal aan die amp van opposisie-skap, dit wil sê die amp van volksverdeling, verhoog die premie wat die volk moet betaal vir sy verdeeldheid.

Volksverdeeldheid was dus ook onderhevig aan inflasie — en sal dit in die toekoms nog meer wees, nou dat die waarde van opposieskapskap net soos wol die hoogte ingeskiet het.

KOMMUNISTE SE HOUVAS OP V.S.A. SE BUITELANDSE BELEID

ROOSEVELT

Die kommunistiese oriëntering van die Amerikaanse politiek het met die Franklin Delano Roosevelt-typerk begin. Terwyl pres. Roosevelt sy medewerkers uit kommunistiese kringe gekies het, het mev. Roosevelt joods-kommunistiese immigrante beskerm. Twee van die bekendste kommuniste wat

snap. In die Amerikaanse senaat het senator William Langer verklaar dat Duggan se selfmoord heelwaarskynlik geen selfmoord was nie, want sy lyk het so ver van die gebou af gelê, dat daar geen sprake van ongeluk of selfmoord kon wees nie. Senator Langer het met die woorde gesluit: „Ek sê, mnr. president, dit mag nie selfmoord gewees het nie, dit mag moord gewees het.”

500 DOKUMENTE

In watter mate die jarelange kommunistiese oriëntering in hoogste regeringskringe teenwoordig was, bewys die getuienis van 'n ander materiaal-lewensinsier, die jood Harry Wadleigh. Wadleigh was ook 'n hooggeplaaste beampte in die departement van buitelandse sake en het onder eed verklaar dat hy alleen gedurende een jaar 500 dokumente van die departement gesteel het, waarvan hy fotokopieë aan Chambers oftewel die Russe gelewer het.

'n Mens moet jou voorstel: een enkele beampte het in 1 jaar 500 dokumente gesteel. Die vraag is hoeveel beamptes het hoeveel dokumente gesteel?

RUSLAND OP HOOGTE

Ons weet dit nie en die wat dit weet moet swyg. Maar die sorvuldige waarnemer vind die antwoord in die onbeskaamde en uitdagende wese van die Russiese politiek. Rusland is nie alleen oor Amerika se uitrusting en tegniese voordele en nadele ingelig nie, maar ook wel goed oor alle geplande maatreëls.

Amerika se buitelandse politiek is deur die F. D. Roosevelt-typerk kommunisties georiënteer en is ongelukkig vandag nog nie heeltemal daarvan gesuiwer nie.

Hierdie Amerikaanse aangeleentheid hou nie alleen 'n waarskuwing in vir Suid-Afrika nie, maar vir alle nie-kommunistiese lande.

Die Fees van Brittanje wat die afgelope weke in Londen aan die gang is, het nie die belangstelling gelok wat verwag is nie. Vir die eerste maand was daar 700,000 minder besoekers as waarvoor bereken is, met die gevolg dat verskillende maatreëls getref word om verliese so laag as moontlik te hou.

Die Buiteland In Oënskou Deur „Ski”

deur die hulp van die vrou van die president na Amerika kon immigrer, was die jood Eisler, wat vandag propaganda-minister in Oos-Duitsland is, en die jood Harry Bridges, wat die „Rooi Tsaar” van die Amerikaanse dokwerkersunie is.

RUSSIESE AGENT

Alger Hiss, wat in die saak teen Whittaker-Chambers-Hiss tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis is, was 'n gunsteling en noue samewerker van wyle pres. Roosevelt. By die byeenkoms Roosevelt-Stalin-Churchill in Yalta was Alger Hiss die beslissende faktor. Daar was geen idee in Yalta wat nie van Hiss afkomstig was nie en daar was geen besluit wat Hiss nie geformuleer het nie. Hierdie Alger Hiss was in diens van Rusland. Hierdie Hiss het die waardevolste dokumente aan Chambers gelewer vir Rusland. Hiss was 'n hoogstaande beampte in die departement van buitelandse sake en die beste vriend van die huidige staatsekretaris Acheson, wat 'n besigheidsdeelhebber van 'n broer van Alger Hiss is.

'n Mens kan dus verstaan waarom die republikeine onderleiding van senator Taft daarop aandring dat Truman Acheson moet ontslaan.

MNR. X

In die saak teen Chambers-Hiss is 'n hoogstaande beampte as mnr. X beskryf. Maar dit het gou bekend geword dat hierdie hoogstaande beampte die jood L. Duggan was. Maar Duggan het nie eers die hofspraak afgewag nie maar het van die 16de verdieping van sy kantoor uitgespring om sy regters te ont-

DUITSERS NA DRIE JAAR OPGEHANG

Drie jaar nadat hulle deur militêre howe ter dood veroordeel is, is sewe Duitsers verlede week in die Landsberg-tronk opgehang. Hulle het reeds drie keer tevore afskeid van die wêreld geneem en is in twee gevalle reeds onder die galg gebring voordat hul teregstelling telkemaal weer uitgestel is.

Van Duitse kant is die teregstellings in breë kringe veroordeel. Franz Blüchner, onderkanselier van Wes-Duitsland het gesê dat die teregstellings die Duitse volk se vertroue in die reg geskok het, aangesien dit op Duitse bodem plaasgevind het twee jaar nadat die doodstraf deur die Duitse grondwet verbied is.

Die Sosialistiese Ryksparty — die nuwe nasionale beweging — het dit as 'n vergryp teen die mensheid beskryf.

Die tereggesteldes het almal op die skavot gesê dat hul lot as waarskuwing aan die Duitse volk teen hul sogenaamde vriende moet dien.


Volgens berig is, was dit die laaste persone van die Neurenberg-prosesse wat in die Amerikaanse gebied tereggestel is.

Die wêreld het moontlik al vergeet dat Neurenberg veronderstel was as 'n blywende waarskuwing teen onmenslikheid. Die laaste fase van Neurenberg waarsku egter dat onmenslikheid nog steeds bestaan. Selfs Stalin se beleid van summiere likwidering vergelyk menslik by hierdie slot-proses van die Amerikaanse reg-bewakers.

V.S.A.-Propaganda Vir Suid-Afrika

Die Stem van Amerika — 'n daaglikse radioprogram van die Verenigde State wat reeds in 37 tale oor die wêreld gehoor word — gaan moontlik ook 'n program insluit wat vir Suid-Afrika bedoel is, berig Die Volksblad. Hierdie mededeling is gedoen deur mnr. C. R. Chartrand, skakelbeampte van die Verenigde State se ambassade in die Unie.

Mnr. Chartrand het gesê dat daar goeie rede bestaan waarom hierdie kragtige senders wat in al die uithoeke van die wêreld gehoor word, tot dusver nog geen program vir Suid-Afrika ingesluit het nie. Die Afrikaanse volk en die Verenigde State het minstens dieselfde demokratiese uitkyk op sake en die bande van vriendskap is reeds heg. Hy glo egter dat regstreekse verband op hierdie manier die kulturele bande tussen die twee volke sal verstewig. Daar word reeds oorweging geskenk aan so 'n program vir Suid-Afrika.



Waar u ook mag wees

Kommando

—die *gewildste*

Suid-Afrikaanse sigaret



SELFSTANDIGE KOERS

(Vervolg van bl. 5 kol. 3)

wat begeer om onafhanklik te wees, te beklemtoon en prakties deur te voer.

Duitsland het alleen belangstelling vir Europa en Afrika, en selfs in Afrika sal hy die koloniale praktyke van die heersersvolke vir altyd van die hand wys en hom, saam met die orge Europese volke, beperk tot die verkryging van grondstowwe uit Afrika wat vir die „Europa-fabriek” nodig is. Vir die res sal hy die nasionale volke in Afrika hul opgang na vryheid ten volle gun.

Dit is gevolglik my innige oortuiging dat dit die eintlike roeping van Duitsland is om die „vryheidsfront” te skep deur die totstandbrenging van 'n samewerking tussen die nasionaliste van alle volke en rasse met die uitdruklike verwerping van elke vorm van imperialisme, sowel op ekonomiese as politieke gebied.

SANTAM SAL DIT VERGOED

Brand by Dokter se Huis

DURBAN. — Twee motors en twee vertrekke tesame met al die ameublemente is gisteroggend geheel en al deur 'n brand verwoes en al deur 'n brand verwoes en al deur 'n brand verwoes en al deur 'n brand verwoes se huis in Durban uitgebrek het.

SANTAM

Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.

Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

„Duits-Hongaarse Helde Het Europa Gered”

In sommige Engelse kringe begin daar nou so stadigaan perspektief in te tree ten opsigte van die afgelope wêreldoorlog. In die maandblad White Africa verskyn 'n mededeling van 'n „Ooggetuie” wat met groot waardering praat van die Duits-Hongaarse weerstand teen die Russiese aanval aan die einde van die oorlog in Boedapest, en die skrywer verwys na die gebeurtenis as 'n wapenfeit wat gelyk staan aan Waterloo en ander lotsbepalende veldslae in die geskiedenis. Die verdedigers van Boedapest (destyds Brittanje se vyande) word in die artikel beskryf as die „redders van Europa.”

Op 13 April 1945 het die Rooi Leër die stad ingeneem, en weinig mense het veel aandag geskenk aan die Russiese aankondiging. Hoewel dit gelyk het of die verdedigers verloor het, het hulle inderdaad 'n resultaat vir Europa behaal wat vergelyk kan word met Duinkerke vier jaar tevore. „Die verdedigers van Boedapest het deur hul vasberade weerstand die Europese vasteland die nodige blaaskans geskenk wat nodig was om 'n doeltreffende weerstand teen die Bolsjewisme te organiseer,” lui dit.

Die skrywer verklaar voorts dat die Russe se groot plan was om teen die einde van 1944 Beiere en Noord-Italië binne te val solank die Britte en Amerikaners nog in Frankryk opgehou is deur Von Runstedt, en so doende 'n Russiese greep te kry op die hele Midde- en 'n groot deel van Wes-Europa. Die heldhaftige verdragsaksie wat in Hongarye geveg is en wat uitgeloop het op die sewe-weekse verdediging van Boedapest teen 'n groot oormag, het daardie plan verdel, en die verowering van die Hongaarse vlaktes, die toegang van die Ooste na Wes-Europa, het die Russe ses maande geneem en gevolglik hul hele plan omver gewerp. „Die feit dat die grootste deel van Europa vandag nie onder die kommuniste is nie, is hoofsaaklik toe te skryf aan hierdie onbekende helde wat volhard het in 'n hopolose posisie toe hulle geweet het dat hul kant reeds klaar die oorlog verloor het.

so gehaat het dat hulle hul lewens gegee het in die stryd daarteen ten behoeve van 'n vyand wat hulle landgenote nooit met veel agting bejeën het nie, is 'n feit wat blykbaar deur ons propagandiste oor die hoof gesien is. Ek weet van geen ander geval in die moderne geskiedenis waar lede van 'n oorwinnende

leër vrywillig oorgeloop het na 'n reeds verslaande vyand nie. Ten slotte verklaar die skrywer dat hierdie slag van Boedapest later in die geskiedenis op een voetstuk geplaas sal word met ander groot slae soos Waterloo, Verdun en Warskou (1921) as veldslae wat 'n keer in die geskiedenis gebring het.

UITLANDERS SIT NOG IN SKOOLRADE

Volgens berig in Die Transvaler val daar nog steeds 'n skaduwee van die uitlanders se Reformers-beweging oor alle Randse hoërskole deurdat hierdie organisasie, sover dit die onderwys betref, hom voortgesit het in 'n „Council of Education” wat heeltemal 'n private karakter het. Hierdie „Council” het die reg om drie lede van die beheerende raad van alle hoërskole, en dus ook Afrikaanse skole, in Johannesburg te benoem. 'n Botsing het tans ontstaan tussen die Council en Helpmekaar-skool oor hierdie reg.

'n Paar jaar voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die „Reformers” in Johannesburg 'n „Council of Education” in die lewe geroep om hul onderwysbelange te behartig. Na die oorlog is daar met geldelike hulp van die „Council” vier hoërskole gestig, en kragtens 'n regulasie onder die onderwyswet van 1908 het hy die reg gekry om in die vier skole drie uit die nege bestuurslede te benoem. Hierdie reg is later deur middel

van regulasies uitgebrei sodat die „Council” die reg ontvang het om drie lede in alle hoërskole te benoem.

Navrae oor die huidige samestelling en die lidmaatskap van die Council het aan die lig gebring dat dit 'n eksklusiewe private liggaam is, en dat die lede daarvan 'n direkte voortsetting is van die oorspronklike Uitlanders se stigting, want die Council volgens een van die lede mnr. Rheinalt-Jones, vul homself altyd aan en benoem sy lede lewenslang, terwyl die verrigtinge van die raad nie vir die publiek toeganklik is nie.

SIGARET WEN VELD IN V.S.A

Vervaardigers in die V.S.A. verwag om in die jaar wat op 30 Junie eindig, 410,000,000,000 sigarete te vervaardig — feitlik 'n halwe pakkie per dag vir elke inwoners van Amerika.

Volgens 'n aankondiging deur die departement van landbou het die verbruik van sigarete per persoon ouer as 15 jaar met 270 persent tussen die jare 1926 en 1950 toegeneem.

Die gekombineerde verbruik van snuif, pruimtabak, pyp- en rolsigarete het met 65 persent gedaal, terwyl die verbruik van sigare met 44 persent vermindert het.

WIE HULLE WAS

„Die garnisoen in Boedapest gedurende daardie lewensbelangrike weke het bestaan uit ongeveer 45,000 troepe, saamgestel uit die Duitse pantser-divisie Feldhernhalle,” een Wehrmacht-infanteriedivisie, oorblyfsels van die Hongaarse staande mag, 'n aantal burgerlike vrywilligers, meesal baie jonk, lede van die Hongaarse fascistiese party, die Ysterkruis, en 'n paar honderd lede van die Rooi Leër wat hul triomferende geleedere vrywillig verlaat het om aan te sluit by die Duits-Hongaarse verdedigers in 'n saak wat hulle moes geweet het, klaar verlore was. Die feit dat die Rooi Leër manne gehad het wat die Sowjet-stelsel

KONFERENSIE OOR TOG NA MAAN

Wetenskaplikes wat hulle besig hou met die gedagte om nog eendag na die maan te vlieg, sal hul eerste wêreldkonferensie in September in Londen hou waar hulle onder meer hoop om 'n wêreldwye vereniging vir dié doel te stig.

Die voorsitter van die Britse vereniging het in 'n verklaring gesê dat met die huidige tegniese kennis tot hul beskikking kan wetenskaplikes 'n vuurpyl 300 myl bokant die aarde opskiet waar dit in posisie sal bly en net soos die maan al om die aarde beweeg, een mal elke negentig minute. Dit sal daar vir altyd bly. Met die nodige geld tot hul beskikking meen hy dat so 'n vuurpyl binne vyf jaar ge-

bou kan word. In Amerika het een van die V-2 vuurpyle reeds 'n hoogte van 250 myl bereik, maar om dit buite bereik van die aarde te skiet, moet dit die aarde teen 18,000 myl per uur verlaat.

Die vernaamste vraagstuk in verband met 'n reis na die maan is nog die voorsiening van brandstof en die bou van die skip self.

Wil Skedeljagters Mak Maak

'n Poging om mensvreters te maak sal deur die Australiese regering aangewend word onder 'n vyfjaarplan. Dit geld 'n halfmiljoen wilde mense wat 95,000 vk. myl in die onbeheerde Sentraal-Nu-Guinea woon.

In die dorpie is die binnemure van die inboorlinge van die vloer tot die dak oorkom met skedels. Administratiewe amptenare van die regering het dit reggekry om kannibals in baie van die beheerde gebiede te beëindig, maar hulle is nie in staat om die inboorlinge te laat afsien van hul hoogwaardige trofee nie.



Besoek ons Tak in die Wangang, Groote Kerk-gebou, Radio's, Elektriese Toestelle, Meubels. Skryf aan ons bestellingsafdeling, Phil Morkel Posbus 2721, Kaapstad.

CARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

PRETORIUS: — Tweelingboeties vir Sonja, Paul en Tiba aan Canzius en Eulalie op 1 Junie te Berghof, Paarl. 13/6/1

FLUKSE BOER NODIG

Bewerkte plaas, 20 morges onder vaste water; koelwater- en pruimboord kom vanjaar in volle drag; naby inmaak-fabriek, dorp en spoorweg, met goeie woonhuis, bied groot moontlikhede vir iemand wat dit om die helfte wil aanneem en boerdery uitbrei. Doen aansoek by: ADVERTERDER, Posbus 1411, Kaapstad. 30/5/TK

TE KOOP GEVRA

Twee swaar trekperde. Percheron of Clydesdale. Skryf aan: Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisietsaamnemers. Foon 9-8435

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroel bevorder, jongvoorkoma versker, dit waarborg GRYSH-HAARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u, skadeloos, kleurstof-vry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49

Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. G14/6/50

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaad of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. A/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so cortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

MEUBELS

MEUBELS.— Beter meubels teen omliggende pryse Babawaenties, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSE-REMEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

'n Uitrusting Om Mee Te Spog VAN Steyns Parow

Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.

- DIE O.B.
- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.
 - Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteennwoordigers en deskundige beroepsverteennwoordigers.
 - Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volks-ekonomie.
 - Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM..... (Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

SELFSTANDIGE KOERS VIR DUITSLAND

Twee sake word steeds duideliker in die stryd wat gelewer word deur diegene wat tans die wêreld wil oorheers: Dit is Moskou se sterkte dat hy oral — en dikwels met groot welslae — 'n bondgenootskap aangaan met die nasionalisme.

Iemand wat die suksesse van Moskou sedert die bolsjewistiese revolusie ondersoek, veral in die laaste vyf jaar, kom tot die gevolgtrekking dat Moskou in geen enkel land ter wêreld daarin geslaag het om die meerderheid van die bevolking tot die kommunisme oor te haal nie, en dit geld vir sowel voor as tydens en na die vestiging van die kommunistiese diktatuur! (Miskien sal 'n ondersoek, indien dit moontlik was, toon dat dit selfs nie vir Rusland en die Sowjet-volke in die minste geld nie).

Al die suksesse van Moskou is behaal danksy 'n uitmuntend geskikte kombinasie van die kommunistiese leidingswil met die nasionalistiese aandrang van die massa. Dit is nie net die geval met Sjina, Agter-Indië, Korea, ens. nie, maar geld ook vir Pole en Tsjeggo-Slowakye, waar die veroweringsinstink, gerig op die rykdom van die Duitsers — die Duitse oostelike provinsies, die Sudetenland — die eintlike hefboom was wat Moskou in die voornoemde lande gehanteer het. Ook vandag is dit nog die geval, want die roof van hierdie Duitse gebiede word slegs deur die aanwesigheid van die Rooi leër gewaarborg.

WESTERSE HOUDING

Aan die anderkant is ons getuie van die merkwaardige en in baie opsigte onverklaarbare houding van Washington en van die sogenaamde Westerse moondhede oor die algemeen wat die nasionale bewegings van die volke met alle middels onderdruk hoewel dieselfde kragte juis die mees betroubare en bruikbare elemente vir die anti-kommunistiese stryd kan lewer. Die ongehoorde brutale behandeling van nasionale Spanje, die uitskakeling met alle moontlike middele van De Gaulle, die onderdrukking en vervolging van nasionale Duitsland, opsetlike verswakking van nasionale Sjina, die nie-erkenning van die nasionale beweging in Agter-Indië, ens., bewys dat Washington die anti-kommunistiese nasionalisme ewe hardnekkig — en miskien nog hardnekkiger — bekamp as die anti-christelike kommunisme.

SELFSTANDIGE KOERS

Daarom lyk die oomblik vir ons geskik om uit die vyandskap van Washington en die sogenaamde Westerse moondhede teenoor die nasionalisme

Deur
dr. Otto Strasser

sekere gevolgtrekkings te maak. Hierdie gevolgtrekkings kan nie anders wees nie as 'n selfstandige stellingname teen sowel Moskou as Washington en tegelykertyd die oprigting van 'n bewuste eenheidsfront van die nasionaliste.

Wat Duitsland betref, dring hierdie weg hom soveel meer op, daar ook die kulturele en ekonomiese doelstellings deur die leuse „Nög Moskou nög Washington" gedien word, 'n leuse wat in die nasionale bewegings van alle lande diepe weerklink sal vind.

GEDWONGE KEUSE

Moskou sowel as Washington het daar belang by om dit so voor te stel asof elkeen verplig is om tussen hulle twee te kies, asof daar werklik geen ander keuse as hierdie is nie. Daarom juis te meer is dit belangrik om die bewys te lewer dat daar ook 'n derde oplossing denkbaar is, naamlik die oplossing van die nasionalisme.

Nog steeds bestaan daar in die lewe van enkelinge geen sterker mag as die drang na selfbehoud nie, as die wil tot vryheid en tot eie ontwikkelingsmoontlikhede.

En nog steeds bestaan daar in die lewe van volke geen sterker dryfveer as hul wil tot selfbehoud, tot ontwikkeling in eie nasionale vryheid nie. Op die grondslag van die seëvierende mag van die nasionalisme, van die erkenning van die reg van die persoonlike en nasionale vryheid is 'n vrugbare samewerking moontlik teen alle kragte wat die een of die ander van die twee vryhede wil beperk of vernietig.

MOONTLIKHEDE

Juis die Duitse volk wat hulle vandag in Oos en Wes deur propaganda en geweld probeer dwing om stelling in te neem asof daar geen ander uitkoms is nie, wil ek graag op die hart druk dat die „derde weg" van samewerking onder nasionaliste nie net moontlik is nie, maar moontlikhede bied waarvan mens jou nouliks rekenskap kan gee.

'n Mens moet jou maar net voorstel hoe die wêreld daar sou uitsien indien nasionale Duitsland met nasionale Spanje 'n tolverbond sluit wat uiteindelik versterk sou kon word deur die toevoeging van nasionale Argentinië en nasionale Portugal met sy kolonies. Hoe sou die voorkoms van die wêreld nie verander nie indien nasionale Duitsland noue betrekkinge handhaaf met die nasionale Arabiese wêreld waarvan die vryheidstrewes in Noord-Afrika net so geregverdig is as dié van nasionale Agter-Indië. Dink net aan die ongehoorde moontlikhede wat so 'n Europees-Arabiese vryheidsblok sou bied, veral indien hy met die nasionale Indië en nasionale Sjina 'n verstandhouding sou kon oprig op grond van 'n wedydse erkenning van die gelykheid van regte en die besliste verwerping van elke vorm van imperialisme — sowel die rooi imperialisme van Moskou, die blanke imperialisme van Engeland en Frankryk as die geel dollar-imperialisme van Amerika.

AFRIKA

Die feit dat Duitsland geen belangstelling in die aanstaande stryd om mag in die Indiese en Stille Oseaan het nie, bring mee dat Duitsland ook in politieke en ekonomiese opsig besonder goed geplaas is om sy geestelike eenheid met die gegronde strewes van alle volke (Vervolg op bls. 3 kol. 1)

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

NUWE BEWEGINGS WEN VELD

„Die beslissende oorwinnings wat die nuwe bewegings tydens die verkiesings in Neder-Sakse behaal het, het 'n geweldige sensasie in Duitsland veroorsaak," skryf „Union", die lyforgan van sir Oswald Moseley, leier van die Engelse nasionaliste. Meer as 'n kwart van die Duitse kiesers in hierdie provinsie het reeds die ou politieke partye die rug gekeer en gestem vir nuwe bewegings wat die sogenaamde demokratiese beginsels van die Bonn-demokrate afgeeser het en wat die belange van Duitsland en Europa eerste stel."

Die blad gaan voort om te sê „Neder-Sakse, net soos Beiere voor die oorlog, nou die middelpunt geword het van 'n nuwe herryzenis wat oor die hele Duitsland uitsprei en wat Kommunisme uit die hart van die volk ruk deur hom met nuwe hoop in die toekoms te vervul. Die herryzenis sal nie beperk bly tot Neder-Sakse nie, ook nie tot Duitsland nie. Dit sal spreid van provinsie na provinsie, dit sal oor die grense van die verouderde Europese state glij en dit sal daardie nuwe lewenskrag bring, waaroor die uitgediende politieke partye nie langer beskik nie. Oostenryk is reeds op pad na die herryzenis en die verkiesings in Italië en Frankryk sal binnekort toon dat die Nuwe Europa in wording is." Aldus Union.

IN ITALIE

Verlede week het die Cape Argus 'n berig van sy spesiale

korrespondent gepubliseer oor die Italiaanse verkiesings waarin dit o.m. lui:

„Die stemme wat die Christelike Demokrate verloor het, het hoofsaaklik gegaan na die nuwe fasciste en na verskeie middestand-groepe wat gesamentlik 500 gemeentes beheer.

„Die fasciste, wie se beleid 'n verafskuwing van die Britte, Britse beleid en Britse liberalistiese idees inhou, het heelwat veld gewen en hulle sal nou met nuwe krag en geesdrif voortgaan om aan te dring dat Italië in troebel waters moet visvang net wanneer die geleentheid hom voordoen."

Uit Parlermo berig Sapa-Reuter dat die Christen-demokrate en die Kommuniste elk dertig setels verower het in die Ciciiliaanse parlementêre verkiesings, terwyl die fascistiese Italiaanse Sosiale Beweging elf setels verower het, wat hom die balans van mag gee.

OPLEIDING ... HUL TOEKOMS

Maar
die
koste ?

Tiena en Johan was albei ywerig in hul studies, en hul toekoms was baie belowend. Hulle sou dit nog baie ver in die lewe bring.

Maar, om hul ideale te bereik, sou baie meer kos as wat hul ouers gewoonweg kon bekostig, want die opleiding van 'n ingenieur of dokter kos baie honderde ponde.

Gelukkig het hul ouers vroegetydig besef dat die nodige geld nie net in 'n jaar of twee bymekaar gemaak kan word nie. Daarom het hulle betyds—toe albei kinders nog klein was—hul toekoms verseker deur Sanlam-Studiepolisse.

Daar is altyd
uitkoms by Sanlam!

Sanlam, Afdeling 17d, Posbus 660, Kaapstad.
Laat my asb. dadelik weet hoedat u my kan help om vir 'n studiefonds vir my kind voorsiening te maak.

NAAM :

ADRES :

Beroep:..... Ouderdom volgende verjaarsdag.....

Kind se ouderdom volgende verjaarsdag.....

GISSINGS OOR NUWE PARTY SE BELEID

In 'n beskouing oor wat tydens die reses van die parlement gaan gebeur verwys Dagbreek na die moontlikheid van samesmelting tussen die twee nasionale partye wat voor die einde van die jaar verwag word. Die blad verklaar dat meer as een waarnemer verwag dat die Colin Steyn-groep hulle eerlang by dr. Malan en mnr. Havenga sal bevind.

Die plan skyn te wees om die beleid van die nuwe party — wat waarskynlik die Nasionale Party sal heet — op die breedste moontlike grondslag aan te voor. Dit wil nie sê dat van die huidige beleidsrigting afgewyk sal word nie, maar die plan is om aansluiting van alle nasionaalvoelendes moontlik te maak, aldus die blad.

REPUBLIEK

Politieke waarnemers gis tans heelwat oor die plek wat sekere beleidspunte in die verenigde organisasie sal inneem. Byvoorbeeld republikeinse propaganda.

Die twee vernaamste vrae is of 'n republiek as langtermynse doelstelling in die program opgeneem sal word sonder dat dit vir die onmiddellike toekoms gepropageer word, soos dr. Malan en ander Kaapse leiers en waarskynlik ook die Vrystaters sal verkies, en of dit 'n direkte doelstelling gemaak sal word soos

die Transvaalse leiers van die H.N.P. wil.

Die vermoede van die meeste is dat dit eersgenoemde rigting sal wees wat uiteindelik ingeslaan sal word.

'n Ander vraag is of vir die O.B. as aparte organisasie binne die party voorsiening sal gemaak word. Dit lyk nie waarskynlik nie.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



Wou Laaste Boodskap Nog Gee Aan Volk

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

vir diegene wat dit indertyd nie verstaan het nie, wat hy bedoel het met sy samesmelting van die twee groot partye, nl. die uitskakeling van die partytwiste.

Ook behoort dit duidelik te wees wat hy 'n jaar of wat voor sy dood bedoel het met nasionale sosiale beleid — tog presies wat die O.B. daarmee bedoel het — nie 'n Nasionaal-Sosialistiese diktatuur soos dit ons verwyt is nie, maar 'n staat waarin die volksbestaan by wyse van volksorg op ekonomiese, maatskaplike en politieke gebied verseker en beskerm word. Sy verklaring aan die pers (net deur Die Vaderland volledig gepubliseer), getuig wat hy beoog het. Sy verklaring aan my, vroeër genoem, van plek vir almal (Malan, Havenga, Pirow en O.B.) in 'n republikeinse volkstaat op nasionale en christelike grondslag, bewys ook meer. Dit bewys sy verklaarde doel met die samesmelting van 1934.

NUWE STAAT

Toe hy met my na die motor stap, vra ek nadenkend in verband met ons gesprekke of hy tog nie vir die volk op skrif en geformuleerd in enige duidelike trekke sou stel hoe die nuwe staat aangepas moet wees by die behoeftes van ons volk en die vereistes van tyd en omstandigheid. Dit was vir my of hy nie bereid daarvoor was nie. Ek het hom net by ons vertrek gevra om tog my versoek te oorweeg.

Enige maande later toe dr. Van Rensburg en ek weer daar kom, tref ons hom in sy kamerjas in sy slaapkamer aan — sy eggenote was hom reeds vooruitgegaan — besig om sy reistas in te pak. Hy sou nog dieselfde aand na die hospitaal vir die operasie gaan waarop sy dood later gevolg het. Hy het hom gou gekleed en ons in sy studeerkamer ontvang. Ons het nie lank gesit nie of hy haal uit sy laai die geformuleerde stelling waarom ek hom by die vorige geleentheid gevra het en verduidelik dat hy my nie op die oomblik toe ek hom so iets gevra het, presies begryp het nie maar dat dit daarna vir hom duidelik geword het

Politici se Hoë Vlug

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

EERSTE MINISTER

Die eerste minister, wat in 1946 £3,500 per jaar ontvang het, sal voortaan 'n salaris van £5,600 ontvang, waarvan 40 persent vrygestel is van belasting — 'n verdere skenking van ongeveer £1,200. Op ongeveer £300 het sy vergoeding weens die stygende lewenskoste in vyf jaar tot nagenoeg £3,300 per jaar toegeneem teenoor die £256 per jaar van die sekretaris van sy departement — die hoogs besoldigde amptenaar in die staatsdiens.

Gewone ministers se salaris word nou verhoog na £4,200 vergeleke met hul salaris van £2,500 in 1946 toe dit opgeskuif is na £3,000 per jaar. Ook hulle sal nog 'n belastingafslag van 40 persent ontvang, wat, as dit bygereken word, hul verhogings sedert die einde van die oorlog op nagenoeg £2,500 te staan bring — presies 'n verdubbeling, net soos in die geval van gewone parlamentslede.

LEWENSKOSTE

Volgens 'n berig in die pers word hierdie verhogings aangebring „nadat klagtes van parlementariërs ontvang is dat hulle weens die verhoogde le-

wat ek bedoel het. Hy lees dit voor soos dit woordeliks en volledig hieronder volg:

FORMULE

„Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe, vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instelling van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslewe, op die basis van 'n Christelike-nasionaal Republikeinse gesagstaat geleid en gevoerd naar die beginsels en beleid van 'n Suid-Afrikaans-nasionale Sosiale aard, wat sig aanpas by die lewenswyse, morele opvattinge en godsdienslike beskouing van die Afrikanervolk en wat streef naar die hoogste en meest algemeen uitgebreide mate van Volksgeluk en Volkswelvaart, beide geestelik en stoflik.”

'n Foto-afdruk van hierdie geskiedkundige dokumentjie met sy belangrike inhoud, het voorheen al in Die O.B. verskyn.

Ek twyfel of 'n belangriker en meer seggende manifest oor die toekoms van ons land en volk al uitgereik was. Ek twyfel ook of wat vir ons volk se bestaan vereis word ooit in duideliker bewoording gestel is. So kort as wat dit is, so vol inhoud is dit. Ek glo ook nie dat 'n kontensieuse saak soos hierdie minder aanvegbaar gestel kon gewees het nie. Dit is die produk van die brein en bekwaamheid van 'n groot staatsman.

RAADGEWINGS

Daarby het daar in ons gesprekke tog soos dit my voorgekom het, seker onbewus dat hy dit doen, blyke van laaste raadgewings gekom. Op 'n keer het dit so gelui: „Hans,” se hy, „vir jou en Smith wag olykbaar 'n groot taak. Ek wil julle net waarsku. Ek doen dit uit ervaring. Moet nooit die volk wysmaak dat julle by daardie deur wil uitgaan nie, terwyl julle klaar staan om by hierdie een uit te gaan en dit doen. Die volk vergewe en vergeet flaters, maar nooit misleiding nie.”

'n Volgende keer het dit weer gelui: „Ek sien 'n omwenteling

moontlik. Miskien sal dit julle, die Ossewabrandwag se taak wees, mits julle daartoe in staat gestel word om die taak vir die volbrenging daarvan te aanvaar. Hou julle net koers.”

En tweemaal, onder die indruk van die gevaarlike operasie wat die volksleier wag, het ek baie versigtig voorgestel dat hy 'n verklaring van sy beleid eers moet uitreik. Hy het afwykend daarop gereageer.

AFSKEID

Toe ons na die motor stap na ons hom gegroet en die beste toegewens het, het hy hierdie keer in die deur bly staan en nie saamgestap na die motor nie. Toe ons onder by die hekkie uitgaan kon ek nie help om terug te kyk nie. Hy merk dit, wenk my terug, wat my hand vaster in syne en se: „Kyk Smith, moenie bang word nie.” Ek antwoord: „Nee, generaal, ek word nie bang nie. Tog voel ek u moet eers u boodskap tot die volk rig.” „Nie nou nie, ek sal na dit verby is dit seker doen. Ek belooft jou.”

Toe ek wegstap voeg hy my toe daardie selfde woorde wat hy sterwende geuit het: „Alles sal reg kom,” en weer vermaan hy: „Moenie bang wees nie.”

Laat my byvoeg dat ek hoewel diep onder die indruk van die omstandigheid, voorbedagtelik getrag het om nie deur woord of gebaar die indruk te skep van wat ek tog werklik gevrees het nie.

Ek het 'n leier en vriend, S.A. se grootste seun, die laaste maal vanuit die vertrekkende motor se venstertjie effens terug in die deur sien staan. Ek het hom nogeens vaarwel toegewenk.

DANKBAARHEID

Genl. Hertzog het 'n week of meer in die hospitaal voor die operasie vertoef. Ek moes in die tyd 'n baie groot vergadering op Alberton toespreek. Maar voor ek dit doen, deel ek aan die vergadering mee dat S.A. se grootste staatsman en held, genl. Hertzog op die oomblik in die hospitaal lê, dat ons gebede opgaan vir hom in sy lyding en ek vra die menigte om op te staan en hulde aan hom te betoon. 'n Meer spontane hulde was ondenkbaar. My is later meegedeel dat die verslag in Die Vaderland met vermelding van hierdie feit aan hom getoon is. Een enkel traan het oor sy wang gerol en hy het gesê: „Ek is bly ek is by my volk gerehabiliteer.”

Dat so 'n versugting ooit uit die siel van 'n man wat sy volk die meeste diens bewys het, sy volk so innig liefgehad het, moes kom, veroordeel tot uitwissing toe die partytwis waaronder al wat goed en edel is in en uit 'n volk vernietig word.

OPMERKINGS

My herinneringe soos ek dit in die reeks bydraes in Die O.B. weergegee het, is na my beste wete histories-korrekte feite. Ek het dit neergeskryf meer as 'n bydrae tot die geskiedenis van die stryd om wat beter vir die volk mag wees. Indien ek enigeen wie se naam of dade genoem is se gevoelens deur die konstatering van feite seer gemaak het, sou dit my spyt. Wat my betref, is dit herinneringe slegs aan taferle uit 'n treurpel wat ons stryd om vryheid tot hiertoe was. Ek roep dit vir lesers van Die O.B. vir herinnering sodat daaruit geneem kan word wat goed is of wat kan dien as waarskuwing wat vermy moet word. En as ons uit alles een les kan leer, dan is dit dat ons nooit volkseenheid kan hê solank as die volk (Vervolg in volgende kol.)

NOG TWEE BRITTE LOOP WEG

Die hele anti-kommunistiese wêreld is nog steeds in rep en roer oor die skielike en onverklaarbare verdwyning — meer as twee weke gelede — van twee belangrike amptenare van die Britse departement van buitelandse sake. Hulle is Donald MacLean (38) en Guy Burgess (40). Hulle dra kennis van diplomatieke geheime van Brittanje en sy bondgenote wat vir die Russiese kommuniste van besonder veel waarde sal wees. Vandaar dat die regerings van Westerse lande geweldig onthuts is oor die verdwyning.

Uit Parys het naasbestaandes telegramme ontvang wat voorgee om van die vermiste manne te kom. Die speurdiens het egter vasgestel dat die telegramme deur 'n onbekende derde persoon afgesend is. En Scotland Yard het een van sy hoofde na Parys gestuur om die soektog na die twee manne en die derde persoon te lei.

Sowat vyftien duisend speurders in Wes-Europa neem aan

(Vervolg van vorige kol.)

se hoogste raad en sy hele bestuur gegrond is op 'n stelsel wat nie alleen teenoor mekaar gestelde partye veronderstel nie, maar selfs verpligtend maak by wyse van 'n grondwet. Die fondament is nie vreedsame beraadslaging nie, maar georganiseerde twis.

My politieke oortuiging grond ek op my ervaring van 'n vyftigjarige aktiewe deelname aan die stryd om vryheid. En wat ookal die bestemming van die Ossewabrandwag mag wees, kan ek aan geen beter werktuig dink nie dan so 'n georganiseerde volksbeweging, toegespits op wat hy tot hiertoe voorgestaan en probeer nastrewe het.

Mag die God van ons vaders ons volk sy Lig skenk want in sy Lig sal ons die lig sien.

(Einde)

die soektog deel. In Parys, waar die twee manne se spoor doodgeloop het, huldig speurhoofde die vermoede dat die twee manne reeds oor die Ystergordyn na Pole gegaan het.

BAIE ERNSTIG

Die Franse polisie is van mening dat die verdwyning nie slegs 'n persoonlike avontuur van die twee mans is nie. Hulle is daarvan oortuig dat die saak baie ernstiger is.

Die hoofde van die Britse departement van buitelandse sake se inligtingsafdeling gaan nog steeds voort om te ontdek dat geheime dokumente vermis word; dat die vermiste diplomate fotografiese afdrukke van dokumente geneem het; of dat hulle toegang gehad het tot dokumente wat inligting oor die atoombom bevat. Hy erken egter dat hulle in die loop van hul werksaamhede voortdurend insae gehad het in allerlei hoogsbelangrike amptelike stukke.

Uit Londen word berig dat die Britse departement van buitelandse sake heeltemal dronkgeslaan is. Hulle kan glad nie verstaan waarom die twee manne verdwyn het nie. Hulle trek hulle skouers op en doen aan die hand dat die twee kere ontvoer is!

WONDERLAND VIR REISIGERS



Die pad na wonderland lê oop. Was daar ooit 'n jong seun wat nie fantasie om 'n spoorweg geweef het, van ver paaie gedroom het of in die verbeelding oor die kristalroetes van die lug gesweef het nie? Ons behou steeds daardie drome wanneer ons — die jeug van gister — die wonderland Suid-Afrika bereis.

En ons kan besonder trots daarop wees dat die groot vervoerstelsel wat so 'n groot land per spoor, in die lug en op die grootpad bedien, aan ons behoort.



tot u diens
twee miljoen myl
per week

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE - LUGDIENS PADMOTORDIENSTE